Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, September 16, 2021
Page: 32

Agt dinge wat jy oor jou testament moet weet

Dit bly ironies dat welvaart wat oor jare opgebou is, in 'n vinnig afgehandelde testament beslag kry – en dikwels verwater word. Kenners laat die lig hierop val in nasionale testamenteweek.

1 NEEM JOU TYD OM JOU TESTAMENT OP TE STEL

Dit is ongelooflik hoe min tyd mense daaraan bestee om hul testament op te stel en te hersien. Daar word jare geswoeg om 'n boedel en welvaart op te bou, en dan word 'n testament binne 'n halfuur tot 'n uur opgestel. Dit is onsinnig om so vinnig besluite te neem oor iets wat jare geduur het om op te bou.

2 KRY DIE REGTE PERSOON OM JOU TESTAMENT OP TE STEL

Dit is verstommend dat mense tydsaam welvaart skep en hul boedel opbou, maar nie 'n template of voorbeeld gebruik om hul testament op te stel nie. Die risiko van foute is net te groot.

Ander sal weer hul testament laat opstel deur iemand wat nie genoegsame kennis het nie. Iemand wat jare gelede erfreg in sy tweede jaar op universiteit gedoen of 'n aanbieding of kortkursus oor testamente bygewoon het, is nie noodwendig geskik om 'n testament op te stel nie.

Moenie huiwer om te vra watter kennis, akademiese kwalifikasie en ervaring iemand het voor jy jou testament laat opstel nie. Jy kan nie bekostig dat daar foute insluip deur verkeerde of slordige werk nie. Dit kan jou letterlik duur te staan kom. Ek sien te veel testamente wat nie uitvoerbaar is nie of wat met onverstaanbare klousules spog. Die talle sake in die howe getuig daarvan.

3 BENOEM DIE REGTE PERSOON AS EKSEKUTEUR

Kundigheid oor en kennis van jou finansiële state en beleggings, of 'n regsgraad, maak iemand nie noodwendig die geskikte eksekuteur van jou boedel nie. Dit is eintlik eenvoudig: Kry iemand of 'n maatskappy wat as voltydse beroep of besigheid boedels beredder. Maak ook seker dat hulle die toepaslike kennis en ervaring het. Iemand wat 'n lid van die Fidusiêre Instituut van Suider-Afrika is, kan 'n goeie begin wees.

Maak ook seker dat die persoon of maatskappy die ondersteuningspersoneel het wat die administratiewe werk kan doen. Hoe beter die ondersteuningspersoneel, hoe vinniger en doeltreffender gaan die boedel afgehandel word.

4 'N BILLIKE EN GOEIE TESTAMENT BEGIN BY 'N ONTLEDING

Die normale proses om 'n testament op te stel, is soos volg: Gaan spreek iemand, vertel hulle wat jy in jou testament wil hê, en hulle stel dan presies op wat jy wil hê en jy onderteken die testament. Ek kan nie genoeg waarsku teen die lui metode nie.

Voor jy jou testament opstel, laat 'n kundige vir jou 'n behoorlike ontleding doen aan die hand van jou wense. 'n Ontledingsoefening sal vir jou sekere belangrike punte en selfs gevaarligte uitwys. Om 'n paar te noem:

- Die koste en belastingaanspreeklikheid wat jy kan verwag en hoe om dit te beperk. Onderhandel byvoorbeeld met die eksekuteur om 'n kleiner persentasie eksekuteursgeld te betaal.
- Die vraag of jou boedel 'n kontanttekort sal hê. Jy wil tog nie hê dat bates verkoop moet word nie.
- Hoeveel en wat elke erfgenaam erf.
- Of daar genoeg bates na jou afhanklikes gaan om voorsiening te maak dat hulle 'n sekere leefstyl kan handhaaf.

5 JOU HUWELIKSBEDELING KAN JOU VERERWING 'N BLOEDNEUS GEE

Met die opstel van 'n testament word daar nie altyd oor die implikasies van die huweliksbedeling gepraat nie. Die feit dat jy binne gemeenskap van goedere getroud is, beteken die gemeenskaplike boedel word 50/50 besit. Jy kan dus nie oor alle vererwings besluite neem nie. Dit is beter om saam met jou gade te kyk na hoe die testamentêre verdeling van die gesamentlike bates moet lyk.

Dan praat ek nie eens van die impak wat 'n aanwas-eis op jou boedel kan hê nie. Dit geld as jy buite gemeenskap van goedere met die aanwasbedeling getroud is.

Die aanwas-eis kan 'n groter faktor in jou boedel wees as kapitaalwinsbelasting en boedelbelasting saam. Ek sien gereeld aanwas-eise wat honderde duisende tot miljoene rande beloop: Dink net wat dit aan jou likiditeit doen as dit in geld betaal moet word, of aan jou vererwingsbeplanning as dit in bates afgelos moet word.

6 MOENIE JOU BATES BUITE JOU BOEDEL VERGEET NIE

Met die opstel van 'n testament word daar meestal nie aandag aan lewensdekking, aftreebeleggings, trustbates en aandeelhouding in 'n maatskappy gegee nie.

'n Lewenspolis wat aan die boedel uitbetaal, beteken dat die geld in die boedel beskikbaar sal wees om te vererf nadat die laste en koste gedelg is. As die lewenspolis begunstig is, betaal dit buite die boedel aan die begunstigdes. Die ekstra bedrag aan die boedel of aan 'n begunstigde kan die billikheid van boedelverdeling erg skeeftrek, wat tot familie-onenigheid ná die dood gaan lei.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.